



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT  
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY  
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP  
DINSDAG 18 JUNIE 2019 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY, 18 JUNE 2019 AT  
09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

**RAADSLEDE**

MNR	P J SWART	Uitvoerende Burgemeester
ME	Z TONISI	Uitvoerende Onder-Burgemeester
MNR	G D BURGER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
ME	M OCTOBER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
MNR	J NIEUWOUDT	Speaker

**AMPTENARE**

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansies- en IT Dienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr B Hayward	Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Mnr F du Toit	Bestuurder: Boubeheer
Me N Mhlati-Musewe	Divisional Head: HR Services & Organisational Development
Me T Stone	Divisional Head: Strategic Planning & Administration

---

1. **OPENING**

Die Burgemeester heet die verteenwoordigers welkom en open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr S Cooper	Bestuurder: Elektrotegniese Dienste

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

16 April 2019

**BESLUIT BK79/2019**

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

**NOTULE: 16 APRIL 2019**

- (i) **Voorlegging: W H J Projects Pty Ltd - Demolition and Excavation Contractors**  
Die opvolg verslag is steeds uitstaande.
- (ii) **Algemeen**  
'n Professionele besigheidsplan vir die gemeenskapstuine moet gefinaliseer word.
- (iii) **Maandverslag: Beskermingsdienste**
  - Kennis word geneem dat spoedhobbels aangekoop is en 'n vergadering sal met Wyksraadslede gehou word.
  - Die verlangde verslag ten opsigte van vakansieoorde, is steeds uitstaande.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Geen.

6.3 **ALGEMEEN**

- 6.3.1 Die eerste oorhandigings van die behuisingsprojek vind plaas op 28 Junie 2019.
- 6.3.2 Raadsagenda's sal voortaan voor verspreiding aan die Burgemeester en Speaker voorgelê word.
- 6.3.3 Die Burgemeester is tans in gesprek met Kaapstad se Burgemeester aangaande die verskaffing van kersliggies.
- 6.3.4 Die Burgemeester is tans in gesprek met Overberg Distriksmunisipaliteit se Burgemeester aangaande die volgende aangeleenthede: • Hulp ten opsigte van EPWP-werkers • Die Suiderstrand en De Hoop pad • Die beveiliging van gemeenskappe • Die instandhouding van Swellendamweg, Struisbaai/Bredasdorp pad asook die padreserwe.
- 6.3.5 Die finalisering van die aflewering van fietse moet dringend plaasvind ("Law Inforcement on bikes").

- 6.3.6 Die Burgemeester versoek dringende besigheidsplanne om aan die Premier te gaan voorlê ten opsigte van: ● Herseel van paaie ● Stormwater in Struisbaai-Noord ● “Rural Development” (splash parks, skaatsplankbaan, gimnasiums en opgradering van sportsfasiliteite) ● Teer van sypaadjies ● Gemeenskapstuine ● Drie industriële erwe in Struisbaai vir plaaslike entrepreneurs ● “Youth Economic Containers” ● Hulp aan vissersgemeenskappe ● Daarstelling van ‘n Khoi-San Village ● Straatmark Entrepreneurs ● Storting- en Herwinningsfasiliteite.
- 6.3.7 Algemeen: ● 100 Plaaslike entrepreneurs met strukture ● Klere fabriek in Napier ● Jeugwerkers in elke dorp ● Brandbane om Struisbaai, L’Agulhas en Suiderstrand van ten minste 20 meter ● Opleiding van skaars-vaardighede by Anene Booysen Sentrum ● Superplan vir die skoonmaak van dorpe ● Struisbaai-Noord kampterrein opgradering ● Struisbaai begraafplaas uitbreiding ● Hotagterklip fasiliteit ● Struisbaai meentgronde besigheidsplan ● 1 000 Gediensete erwe ● Ekonomiese Beraad van September 2019 ● Onderhandelings met diensverskaffers van “rent to build” ● Besikbaarstelling van ‘n erf vir ‘n spesiale oornaghuys vir straatmense ● Vorderingsverslag ten opsigte van “Law Inforcement on Bikes”.

7. **VERSLAE**

**Bladsy**

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

7.1.1 Maandverslae: Maart en April 2019

4

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 Maandverslae: April en Mei 2019

4 - 5

7.2.2 Verslae uit die kantoor Van Die MB: April en Mei 2019

5 - 6

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

7.3.1 Maandverslae: April en Mei 2019

6 - 7

8. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

9. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

11. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

12. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUIE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op ***bladsy 8***.

13. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

14. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 10:30

---

## 7. VERSLAE

### 7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE

#### 7.1.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR MAART EN APRIL 2019 / REPORT FROM THE DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES FOR MARCH AND APRIL 2019

##### DOEL VAN VERSLAG / PURPOSE OF REPORT

Oorweging van die maandverslae vanaf die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Maart en April 2019. / *Considering the monthly reports from the Director: Infrastructure Services for March and April 2019.*

##### AGTERGROND / BACKGROUND

Die maandverslae vir Maart en April 2019 word aangeheg as bylae op **bladsy 1 tot 33**. / *The monthly reports for March and April 2019 is attached as annexure on page 1 to 33.*

##### BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslae van die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Maart en April 2019 aanvaar word. / *That the monthly reports from the Director: Infrastructure Services for March and April 2019 be accepted.*

##### AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat ondersoek ingestel word na persone wat op die Bredasdorp vullisterrein woon.
- (iii) Dat die "boorgat beleid" weer aan die Raad voorgelê word.
- (iv) Dat die kontrakteur van die geplaveide paaie in Simunye 'n dringende gemeenskapsvergadering belê.
- (v) Dat 'n vorderingsverslag voorgelê word ten opsigte van die arbitrasie van die Boubeheerbeampte.

##### BESLUIT BK80/2019

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

### 7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE

#### 7.2.1 VERSLAE: BESTUURSDIENSTE VIR APRIL EN MEI 2019 / REPORTS: MANAGEMENT SERVICES FOR APRIL AND MAY 2019

##### DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van die maandverslae vanaf Bestuursdienste vir die maande April en Mei 2019

##### AGTERGROND

Verslae word soos volg aangeheg:

	<u>Bladsy / Page</u>
(i) Publieke Dienste / Public Services	34 - 53
(ii) Behuising / Housing	54 - 63
(iii) Biblioteekdienste / Library Servic	64 - 77
(iv) Beskermingsdienste / Protection Services	78 - 96

**BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION**

Dat die maandverslae van Bestuursdienste vir April en Mei 2019 aanvaar word.  
*That the monthly reports from Management Services for April and May 2019 be accepted.*

**AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) **Publieke Dienste:**
  - Dat kennis geneem word dat die gimnasium by die Glaskasteel voortaan deur onder andere skole gebruik sal word (optimale benutting).
  - Dat permitte en magtigings **vooraf** verkry sal word met die skoonmaak van erwe.
  - Dat "Coca Cola" genader word vir Waenhuiskrans Sportkompleks se naambord.
  - Dat die beoogde boorgat vir Napier sportgronde nie kan realiseer nie, as gevolg van 'n water tekort.
- (iii) **Behuising:**
  - Dat die tweede fase van area F geadverteer word.
  - Dat 'n provinsiale tegniese span die Raad sal bystaan ten opsigte van informele areas.
  - Dat die Raad se "Human Settlement Plan" hersien word.
- (iv) **Beskermingsdienste:**
  - Die Komitee spreek sy kommer uit oor die afwesigheid van die Bestuurder: Beskermingsdienste.
  - Dat strenger toepassing van Verordeninge moet geskied ten opsigte van rondloper honde.
  - Verduideliking word versoek ten opsigte van die volgende syfers, naamlik: Dierebeheer: honde uitgesit - 80 en rondloper honde opgetel - 5.
  - Dat beter beheer oor die betaling van oortyd uitgevoer moet word.
  - Dat die Munisipale Bestuurder die bystand van die Bestuurder: Beskermingsdienste moet ondersoek.

**BESLUIT BK81/2019**

- (i) Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.
- (ii) Dat kennis geneem word dat die Bestuurder: Beskermingsdienste met siekverlof afwesig was.
- (iii) Die Munisipale Bestuurder verduidelik die bystand van die Bestuurder: Beskermingsdienste aan die Komitee.

7.2.2 **VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR APRIL EN MEI 2019**  
**REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR APRIL AND MAY 2019**

---

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir April en Mei 2019.

**AGTERGROND**

**Verslae word soos volg aangeheg:**

**Bladsy / Page**

Menslike Ontwikkeling / *Human Development*

**97 - 99**

**BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION**

Dat die maandverslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir April en Mei 2019 aanvaar word.  
*That the monthly reports from the office of the Municipal Manager for April and May 2019 be accepted.*

**AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

**BESLUIT BK82/2019**

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

**7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE**

**7.3.1 MAANDVERSLAG: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR APRIL EN MEI 2019 / MONTHLY REPORT: FINANCE- AND IT SERVICES FOR APRIL AND MAY 2019**

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir April en Mei 2019.

**AGTERGROND**

Verslae word soos volg aangeheg:

(i)	<b>Kantoor van die Munisipale Bestuurder / Office of the MM</b>	<b><u>Bladsy / Page</u></b>
	• Strategiese Dienste / <i>Strategic Services</i>	<b>100 - 112</b>
	• Toerisme & PEO / <i>Tourism &amp; LED</i>	<b>113 - 127</b>
	• Administrasie / <i>Administration</i>	<b>128 - 137</b>
	• Stadsbeplanning / <i>Town Planning</i>	<b>138 - 155</b>
	• Menslike Hulpbonne / <i>Human Resources</i>	<b>156 - 181</b>
(ii)	<b>Finansiële Dienste en Tesourie / Finance and Treasury</b>	<b><u>Bladsy / Page</u></b>
	• Financial Management (Section 71 Report)	<b>182 - 208</b>
	• Revenue	<b>209 - 222</b>
	• Expenditure	<b>223 - 246</b>
	• Supply Chain and Fleet Management	<b>247 - 271</b>
	• Information Communication	<b>272 - 293</b>

**BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION**

Dat die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir April en Mei 2019 aanvaar word.  
*That the monthly reports from the department Finance- and IT Services for April and May 2019 be accepted.*

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE**

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) **Algemeen:**
- Die Komitee spreek sy kommer uit oor die sluiting van die kassiere asook die swak kommunikasie ten opsigte van die sluiting.
- (iii) **Strategiese Dienste:**
- Die Komitee spreek sy misnoeë uit oor die swak kommunikasie ten opsigte van die "wheellie bins" projek. Mnr Linnert sal die wykskomitee vergaderings bywoon om verdere inligting te verskaf.
  - Raadslede versoek verdere inligting aangaande die komende kliëntediens opname wat binne die komende week in aanvang sal neem. Die opname sal deur EPWP werkers gedoen word.

(iv) **Stadsbeplanning:**

- Die Komitee beveel aan dat 'n gemeenskapsvergadering ten opsigte van die RSEP-projek gehou word. Die vergadering kan ook insluit die verdere ontwikkeling van die terrein by die Anene Booysen Sentrum.

(v) **Finansies:**

- Die Direkteur: Finansies word versoek om verduidelikende notas aan Raadslede beskikbaar te stel ten opsigte van "deviations".
- Die Bestuurder: Vlootbestuur word versoek om 'n volledige verslag ten opsigte van Raadsvoertuie wat die spoedgrens oorskry, aan die Raad voor te lê.

**BESLUIT BK83/2019**

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

12. **ONAFGEHANDELDE UBK BESLUIE**

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
BK11/2014	Pad na Suiderstrand (16/3/3/2)	(i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms. (ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel.	<b>SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.</b> <b>Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.</b>	DSID
BK106/2018	Betaalpunte: Oop tydens etensuur	(i) Verdere ondersoek gedoen word om betaalpunte tydens etensuur oop te hou. (ii) Dat die ondersoek ook uitgebrei word na die Verkeersafdeling.	<b>Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.</b>	DFD
BK193/2018	Paapekuil Eiendom: Oordrag erwe 2706 en 2764, Struisbaai	(i) Aangesien die eiendom na die Raad oorgedra moet word en in die lig gesien dat Paapekuil Eiendom gederegistreer is en oor geen fondse beskik nie, word aanbeveel dat die Raad dit oorweeg om die betrokke gelde (R11 640,18) af te skryf ten einde die transaksie te kan finaliseer. (ii) Dat die Raad die oordrag/-koste sal hanteer.		DFD
BK194/2018	P & B Lime Works: Land and Infrastructure	(i) That Council approve in principle to accept the P & B Lime Works site by mid-November 2018 to avoid vandalism of the site. (ii) That a full financial report be submitted to Council, which also includes the fencing of the new property.	<b>Direkteur: Infrstruktuur besig met aansoek om befondsing deur MIG.</b>	DIS

**BESTUURSAANBEVELING**

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

**BESLUIT BK84/2019**

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat die volgende BK besluit verwyder kan word, naamlik BK11/2014.

Hierna gaan die UBK In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

**2019**

\_\_\_\_\_  
**BURGEMEESTER**

**DATUM:**